**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

2

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0191 | 971123327 | 8 | 14757 a |

Rapport Jg. 27 Nr. 46 P. 1 Dat. 23 NOV 1997

*Enige nuwe vorm van belasting vir opheffing is onaanvaarbaar, sê sakelui*

# 'Ons doen reeds genoeg'

Deur Marlène Britz en Hennie Duvenhage

ENIGE verdere vorm van belasting op Suid-Afrikaanse sakelui en maatskappye – en meer spesifiek op die sogenaamde super ryk individue – om sodoende die ongelykhede van apartheid te herstel en daardeur hulp aan die armes te verleen, is dié naweek deur van Suid-Afrika se voorste sakeleiers kras gekritiseer.



**Mnr. Hans Smith ... agtergeblewenes vergeet van miljoene rand wat vrywillig aan hulle geskenk word.**

Almal is dit eens dat Suid-Afrikaners reeds belastingvoos is. En daarbenewens word gemeen dat meeste van die land se groot maatskappye reeds op 'n vrywillige grondslag aansienlike bedrae skenk om tuis hierdie eertydse apartheidsfoute reg te stel.

Hoewel mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, ook dié week te kenne gegee het dat hy nie kans sien om 'n sogenaamde rykmansbelasting in te stel op die manier wat sowat twee weke gelede deur prof. Sampie Terreblanche, hoogleraar in die ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, voorgestel is nie, is daar nietemin steeds ernstige vrese dat ander "bedekte" vorms van belasting (bv. heffings) tog ingestel kan word. Dit is die enigste manier om sakelui, maatskappye, die super rykes en die beroepsektor volgens wet te dwing om sulke "regstellende" betalings te doen – veral nadat Manuel ook gesê het die regering wag op voorstelle van die sakesektor om die foute van apartheid reg te stel.

Intussen het die ANC ook dié week in 'n verklaring gesê diegene wat voordeel getrek het uit apartheid – veral die sake- en beroepsektor – "het nog niks konkreets gedoen om versoening te bevorder nie".

Hiermee stem sakeleiers beslis nie saam nie. Trouens, verskeie van hulle het daarop gewys dat hul onderskeie maatskappye, of sakeleiers in hul persoonlike

TREFWOORDE

1 Race Rapport

2 Sakelui

3 Maatskappye

4 Kommentaar

5 Terreblanche S J

6 voorstelle

7 belasting

8 Rykdom

9 Heffings

10

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr | Datum | Onderwerp nr | Knipsel |
|---|---|---|---|
| 0 1 9 1 | 97/11/23 327 | 8 | 14757b |

**Rapport** Jg. 27 Nr. 46 P. 1 Dat. 23 NOV 1997



**Mnr. Nallie Bosman ... daar moet teen gewaak word om maatskappye meer belasting te laat betaal.**



**Mnr. Johan Myburgh ... as sakelui nie nou saam dink nie, gaan daar vir hulle gedink word.**



**Dr. Bill Venter ... Ons het reeds miljoene rand aan die opheffing van minderbevoorregte mense bestee.**

hoedanighede, jaarliks etlike miljoene rand bewillig om die ongelykhede van die verlede reg te stel.

Mnr. Hans Smith, besturende direkteur van Yskor en voorsitter van Besigheid Suid-Afrika, sê diegene wat daarop aandring dat die sakesektor 'n bydrae moet doen om die lot van die beweerde slagoffers van apartheid te verlig, is nie eerlik nie.

"Hulle vergeet gerieflikheidshalwe van die honderde miljoene rand wat jaarliks vrywillig aan die agtergeblewe gemeenskappe bestee word, en dit klink of hulle glo sakelui het nie gewetens nie," het hy gesê.

Smith verwys onder meer na die versoek van die voorsitter van die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK), biskop Desmond Tutu, dat maatskappye R10 miljoen tot die Presidentsfonds moet bydra.

Hy sê Yskor bestee sowat R15 miljoen per jaar aan maatskaplike programme, en hy sal graag wil weet of Yskor nou R10 miljoen van die R15 miljoen moet aftrek en dit in 'n fonds stort wat op burokratiese manier bestuur gaan word.

Dr. Bill Venter, uitvoerende voorsitter van die Altron-groep, het dié naweek gesê: "Die Venter-familie het reeds etlike miljoene rand geskenk vir die opheffing van eertydse minderbevoorregte mense. Trouens, ons het reeds sewe skole vir plattelandse swart kinders opgerig.

"Die familie finansier tans ook jaarliks agtien studiebeurse by universiteite en technikons vir agtergeblewe jongmense. Ek het persoonlik geen probleme om aan sulke projekte, waarby ek reeds betrokke is, deel te neem nie. My enigste voorbehoud is egter dat die geld aangewend sal word vir die behoeftiges, en nie verlore sal gaan in die burokrasie nie," het Venter gesê.

In samehang hiermee het mnr. Nallie Bosman, besturende direkteur van Suid-Afrika se grootste bankgroep, Absa, die naweek gesê hy voel dat Absa reeds in hierdie stadium betrokke genoeg is in die regstelling van ongelykhede, terwyl die groep bereid is om verder te kyk na die uitbreiding van welvaart in ons land.

"Daar is verskeie inisiatiewe, gekoppel aan ons onderneming, wat in dié kategorie geplaas kan word, byvoorbeeld die Absa-Stigting, wat jaarlikse etlike miljoen rand belê wat uitsluitlik daarop gemik is om hulpbehoewende gemeenskappe te help.

"Vanjaar is daar reeds R6,8 miljoen hiervoor geskenk, terwyl nog 'n bykomende R6 miljoen bewillig is.

"Die oplossing lê nie net by swaarder belasting vir maatskappye nie. Sowat sestien nuwe wette is deur die parlement goedgekeur wat bykomende belasting op maatskappye tot gevolg gehad het. Daar moet gewaak word teen meer belasting op maatskappye. Suid-Afrikaanse maatskappye word sodoende al minder mededingend ten opsigte van internasionale mededinging en dit vernietig werkskepping," sê Bosman.

Mnr. Johan Myburg, besturende direkteur van Saambou Beherend en voorsitter van die AHI, sê die AHI is besig met 'n studie om te kyk hoe hy voorstelle aan die regering kan doen. As sakelui nie saam dink nie, gaan daar vir hulle gedink word. Die ondersoek beteken nie dat die AHI afsien van sy aanvanklike voorstel dat die geld wat in die Sasria-fonds is, vir dié doel aangewend kan word nie," sê Myburgh.

**TREFWOORDE**

1 ..................
2 ..................
3 ..................
4 ..................
5 ..................
6 ..................
7 ..................
8 ..................
9 ..................
10 ..................